PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

PIETERSBURG

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **8 OKTOBER 2013**

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Bertus Visagie Tel. No. 083 495 5134 e-pos: bvisagie@vwpolokwane.co.za
Sekretaris: Stephan du Plessis Tel. No. 084 491 1165 e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING<br>STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br>Dennis Traynor open die vergadering met gebed waarna Rudi Myburgh almal teenwoordig welkom heet by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| **1.2** | **Voorlees van Doelstellings**<br>Rudi lees die doelstellings van die Vereniging voor. | Almal |
| **1.3** | **Verskonings / Apologies**<br>Braam Els, Adrian Wreyford, Stephan Coetsee, Pierre van Jaarsveld, Sakkie Labuschagne, Bertus Visagie, Jaap Davies, Callie Mouton, Ben Redelinghuys, Gerhardt de Villiers, Nico Bierman. | Almal |
| **1.4** | **Presensielys / Attendance List**<br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| **1.5** | **Mosies / Motions**<br>1.5.1. Steve Pretorius, wat lid no. 1 was, is oorlede. Simpatie word uitgespreek met sy familie. | Almal |
| **1.6** | **Korrespondensie / Correspondence**<br>Geen korrespondensie is ontvang. | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | |
| | 1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes | Almal |
| | Rudi Myburgh lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 6 Augustus 2013. | |
| | 1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes | |
| | Geen regstellings is genotuleer nie. | |
| | 1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by | |
| | Stan Rodgers | |
| | 1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by | |
| | Johan van der Westhuizen | |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake** | |
| | 2.1. Qubi Systems - Willie | |
| | 2.2. Intertak skiet – Rudi Myburgh | |
| | 2.3. Algemene Jaarvergadering van die Vereniging – Rudi Myburgh | |
| | 2.4. Skut van die Jaar – Rudi Myburgh | |
| | 2.5. Nuwe lede – Rudi Myburgh | |
| | 2.6. Groepering skiet – Decs de Jager | |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising** | |
| | 1.9.1 Skietbaan | |
| | Rudi rapporteer dat die 200m baan gesluit is vir gebruik. Daar het weer `n koeël buite die baan beland. Die keer by Lafarge. Die 200m baan sal slegs gebruik kan word indien daar `n opgeleide baanbeampte teenwoordig is wat verantwoordelikheid neem vir skuts. Rudi verduidelik ook weer dat teikens slegs teen die skietwalle geplaas mag word. Dit geld vir al die bane. Teikens moet ook een meter van die grond af wees. | Rudi Myburgh |
| | Rudi noem ook dat `n baanbestuurder aangestel gaan word wat verantwoordelik sal wees vir die onderhoud op die baan asook toesig oor Wilson. Hy sal ook `n opgeleide baanoffesier wees. | |
| | 1.9.2 Algemene Jaarvergadering 2013 | |
| | Rudi rapporteer dat die tak se AJV op 3 September 2013 plaasgevind het. Die ou bestuur is weer verkies. Die bestuur | Rudi Myburgh |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | vir 2013 sien dus as volg daaruit:<br><br>Voorsitter: Rudi Myburgh<br>Onder-Voorsitter: Bertus Visagie<br>Tesourier: Ben Redelinghuys<br>Sekretaris: Stephan du Plessis<br>Addisionele lede:<br>Skietsake: Dennis Traynor<br>Sosiaal: Jaco Jooste<br>Opleiding: Stan Rodgers<br>SAPD skakeling: Mari Venter | |
| | 1.9.3 My Bonus kaarte<br><br>Rudi rapporteer dat Nico gesê het dat die kaarte nog nie ontvang is nie. Die punt sal van die agenda verwyder word tot verdere verwikkelinge plaasvind. | Nico Wepener |
| **1.10** | **Opleiding / Training** | |
| | 1.10.1 Chasa kursus<br><br>Rudi rapporteer dat 10 lede die kursus op 7 September bygewoon het. Daar sal vroeg in 2014 weer `n kursus aangebied word. Kostes vir die Chasa kursus is R400.00. Lede wat belang stel kan hulle name by Debbie opgee. | Stan Rodgers |
| | 1.10.2 Baanbeampte kursus<br><br>Rudi rapporteer dat drie persone die laaste kursus bygewoon het. Twee het geslaag. Daar sal in Februarie 2014 weer `n kursus aangebied word. Lede wat belangstel kan hulle name by Debbie opgee. | Stan Rodgers |
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters** | |
| | 1.11.1 Algemeen<br><br>Rudi versoek weer dat bewyse van jagte en ander aktiwiteite so gou moontlik na Debbie gestuur moet word vir registrasie. Ledegelde moet ook op datum wees. Die wet vereis dat `n persoon aaneenlopend lid moet wees, anders verval sy toegewyde jagter status. `n Lys van lede wat nie aan die vereistes voldoen word einde van November aan die SAPD gestuur. | Toegewyde Jagters |
| | 1.11.2 Nuwe goedkeurings<br><br>Rudi Myburgh rapporteer dat daar ses nuwe aansoeke was | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | gedurende die afgelope maand. | |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report** | |
| | Geen verslag is gelewer. | BRedelinghuys |
| **1.13** | **Sosiaal / Social** | |
| | 1.13.1. Algemeen | |
| | Rudi nooi almal om na die vergadering te kom saam eet. Die tak betaal R30.00 en die lid die res van die rekening. | Almal |
| | 1.13.2. Wildsproe | |
| | Rudi rapporteer dat die wildsproe `n groot sukses was en dat 84 mense die geleentheid bygewoon het. Rudi bedank almal wat vleis geskenk en geregte voorberei het. Daar word beplan dat die geleentheid jaarliks sal plaasvind. | Rudi Myburgh |
| | 1.13.3. Pietersburg Jaareindfunksie | |
| | Die vergadering besluit dat die tak se jaareindfunksie op 1 November 2013 sal plaasvind. Alle lede en borge sal uitgenooi word. Om te voorkom dat lede bespreek en dan net nie opdaag nie sal kaartjies teen R50.00 per persoon verkoop word. Lede wat die funksie bywoon sal dan die R50.00 terug kry in die vorm van `n koopbewys wat by die kroeg gebruik kan word. Lede wat nie opdaag sal die R50.00 verbeur. Kaartjies sal by Debbie en tydens 19 Oktober se skietdag tekoop wees. | Rudi Myburgh |
| **1.14** | **Skietdae** | |
| | 1.14.1 Rondomtalie (Terugvoer) – 24 Augustus 2013 | |
| | Rudi rapporteer dat die dag `n groot sukses was en dat 84 skuts ingeskryf het. Die algehele wenners vir die dag was Andrè Jonker en Yolande Jonker. Rudi bedank al die borge en vra lede om ook die borge te ondersteun. | Rudi Myburgh |
| | 1.14.2 Skietdag – 19 Oktober 2013 | |
| | Rudi noem dat die dag se kompetisie uit `n Chasa posliga, .22 silhoeëtte en `n kleiduif kompetisie sal bestaan. Dit is die laaste amptelike kompetisie van die jaar en ook die laaste geleentheid vir die Skut van die Jaar kompetisie. | Rudi Myburgh |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING
## NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | **Qubi Systems**<br><br>Willie van Qubi Systems noem dat hulle `n ooreenkoms met Trappers Trading aangegaan het en dat alle Sniper kammeras wat by Trappers tekoop is nou die Qubi sagteware op het. Willie noem ook dat hulle besig is met die ontwikkeling van hulle eie kammera. | Qubi Systems |
| **2.2** | **Intertak skietdag**<br><br>Rudi wens die Pietersburg A-span geluk nadat hulle weer die trofee verower het tydens die afgelope Intertak skietkompetisie. Andries Ysel van Pietersburg was ook die algehele wenner. | Rudi Myburgh |
| **2.3** | **BJV Algemene Jaarvergadering**<br><br>Rudi noem dat die Vereniging sy Algemene Jaarvergadering op 26 Oktober 2013 om 9:00 in die saal hou. Rudi versoek dat lede die vergadering moet bywoon sodat `n korum teenwoordig kan wees. Lede van ander takke moet ver reis om hier te wees en nie baie kom nie. | Almal |
| **2.4** | **Skut van die Jaar**<br><br>Rudi verduidelik weer hoe die skut van die jaar kompetisie werk. Die inligting is ook op die webwerf beskikbaar. Die wenner sal tydens die jaareindfunksie op 1 November 2013 aangekondig word. | Almal |
| **2.5** | **Nuwe lede**<br><br>Rudi noem dat nuwe aansoekers se name in die toekoms afgelees sal word om te hoor of daar enige beswaar teen sulke persone se lidmaatskap is. Rudi lees die name van huidige aansoekers af. Geen besware is uit die vergadering geopper nie. Die lys met name word aan die notule geheg. | Almal |
| **2.6** | **Groeperingskiet**<br><br>Decs de Jager vra of Pietersburg nie in 2014 `n groeperingskiet kan aanbied nie. Rudi bevestig dat so `n kompetisie op die kalender ingesluit kan word. Dit sal `n goeie fondsinsameling wees om `n eie skietbaan agter die saal te kan bou. Pietersburg gaan ook moontlik weer `n PMP kompetisie in Maart 2014 aanbied. Rudi sal dit met PMP opvolg en bevestig. | Rudi Myburgh |

## 3. ALGEMEEN
## GENERAL

| | | |
|---|---|---|
| | Geen bespreking het plaasgevind. | |

**4. VOLGENDE VERGADERING**
**NEXT MEETING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende ledevergadering sal plaasvind op 5 November 2013 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi Myburgh bedank almal vir hulle insette gedurende die vergadering. Almal word uitgenooi om saam te kom eet en sosiaal te verkeer. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

____________________ ____________________
Sekretaris Datum

____________________ ____________________
Voorsitter Datum